Lees Jesaja 58.

Let op die volgende:

- Vasdag van die Israeliete en wat op daardie dae gebeur (vers 1-7)
- Sabbatdag en wat op daardie dag gebeur (8-12)
- Wat die Here eintlik van die volk verwag (13-14)

# JESAJA 58

*"Roep hard uit! Moenie terughou nie! Verhef jou stem soos 'n ramshoring! Maak aan my volk hulle oortredings bekend, aan die huis van Jakob hulle sonde! Vir My raadpleeg hulle dag ná dag; kennis van My weë begeer hulle. Soos 'n nasie wat geregtigheid uitleef en nie afwyk van sy God se beslissings nie, vra hulle My oor regverdige beslissings; die nabyheid van God begeer hulle.*

*'Waarom vas ons, maar U sien dit nie raak nie, verootmoedig ons ons, maar U merk dit nie op nie?'*
*Kyk, op julle vasdag kry julle kans vir besigheid, en jaag julle al julle werknemers aan. Kyk, net om te twis en rusie te maak, vas julle, en om genadeloos met die vuis te slaan. Julle vas nie vandag om julle stem in die hoogte te laat hoor nie.*

*Is die vas wat Ek verkies dan so, 'n dag van verootmoediging vir 'n mens? Is dit om die hoof te buig soos 'n biesie, en in sak en as te lê? Is dit wat julle vas noem?*

# JESAJA 58

*Is dit 'n dag wat die Here se goedkeuring wegdra? Is dit nie hierdie vas wat Ek verkies nie, dat julle die boeie van goddeloosheid losmaak, die stroppe van die juk stukkend ruk, verdruktes vry wegstuur en elke juk breek? Is dit nie bedoel om vir hongeriges jou brood te breek, om aan magteloses en haweloses onderdak te bied nie? Wanneer jy iemand sien wat kaal is, moet jy hom bedek, en jou nie afsydig hou van jou eie vlees en bloed nie.”*

**Dan sal jou lig deurbreek soos die oggendskemering; en jou herstel sal spoedig aanbreek.**
**Jou geregtigheid sal jou vooruitloop; die heerlikheid van die Here sal jou agterhoede dek.**
**Dan sal jy roep en die Here sal antwoord. Jy sal om hulp roep,**
**en Hy sal sê: “Hier is Ek!”**

# JESAJA 58

As jy die juk uit jou midde verwyder, die vingerwysery en verderflike gepraat, as jy hulle wat honger is, jou empatie laat ervaar, die mens wat verdruk word, versadig laat word, *sal jou lig in die duisternis skyn; jou donkerte sal soos helder dag wees*.

*Die Here sal jou voortdurend lei; in dor plekke sal Hy jou keel verkwik, jou gebeente sal Hy sterk maak. Jy sal soos 'n natgeleide tuin wees, soos 'n waterbron waarvan die water nie teleurstel nie.* Sommige uit jou sal die oeroue puinhope herbou, die fondamente van geslagte gelede sal jy weer oprig. Jy sal genoem word: die een wat bresse toebou, die een wat paaie herstel, sodat mense daar kan woon.

# JESAJA 58

'As jy jou voet terughou van die Sabbat, jou daarvan weerhou om te doen wat jy wil op my heilige dag, en die Sabbat 'n vreugde noem,
eerbied toon vir dit wat heilig is vir die Here,
die dag eer deur nie te doen wat jy gewoonlik doen nie,
deur nie geleentheid te vind om jou besigheid te doen en 'n saketransaksie te bespreek nie,
**dan sal jy jou vreugde vind by die Here.**

“Ek sal jou laat ry op die hoogtes van die aarde.
Ek sal jou die erfenis van jou vader Jakob laat geniet.”
Ja, die mond van die Here het gespreek. '

Jesaja herinner die volk daaraan dat hulle nie net godsdiens kan beoefen nie, maar in diens van God moet staan.  Om in diens van God te staan beteken ek moet nie net ‘n klomp dinge doen nie, maar die regte dinge.

Die regte dinge gebeur wanneer ons hart belyn is met God se wil.

Watter dinge wil God hê moet ons doen?

Wat sal dan gebeur, as ons hierdie dinge doen?

Jy sien, wanneer jy bereid is om met ‘n oop hand te gee, met jou besittings, geld, tyd, liefde, genade – belowe God vir jou selfs meer in ruil.

Dit gaan nie noodwendig oor die armes nie, maar oor wat met jou gebeur wanneer jy bereid is om met ‘n oop hand en hart te leef.



Jesaja herinner die volk daaraan dat hulle nie net godsdiens kan beoefen nie, maar in diens van God moet staan.  Om in diens van God te staan beteken ek moet nie net ‘n klomp dinge doen nie, maar die regte dinge.

Die regte dinge gebeur wanneer ons hart belyn is met God se wil.

Watter dinge wil God hê moet ons doen?

Wat sal dan gebeur, as ons hierdie dinge doen?

Jy sien, wanneer jy bereid is om met ‘n oop hand te gee, met jou besittings, geld, tyd, liefde, genade – belowe God vir jou selfs meer in ruil.

Dit gaan nie noodwendig oor die armes nie, maar oor wat met jou gebeur wanneer jy bereid is om met ‘n oop hand en hart te leef.

Die Here sê... As jy hierdie goed doen...

- Sal Hy jou herstel – jou fontein sal nie opdroog nie. Die Here belowe jy sal terugkry wat jy prysgegee en opgeoffer het
- Hy sal agter jou aankom
- Hy sal jou Antwoord
- Hy sal voor jou uitgaan
- Hy sal jou red
- Hy sal jou altyddeur lei
- Hy sal in jou behoeftes voorsien
- Hy sal jou sterk maak
- Hy sal heel maak wat stukkend is

Met ander woorde, jy gee ‘n druppel water of ‘n stukkie brood, maar wat jy in ruil kry is soveel meer!



“Dan sal jou lig deurbreek soos die oggendskemering”

“sal jou lig in die duisternis skyn; jou donkerte sal soos helder dag wees”



“Die Here sal jou voortdurend lei; in dor plekke sal Hy jou keel verkwik”



Lees hierdie teksverse wat praat oor die lig en die son.  Ons almal smag na sonlig, na helderheid, na begrip en uitkoms.
God belowe vir jou Sy strale van genesing... As jy bereid is om ‘n ligdraer vir ander te wees.

Hoe staan ons in die pad van God se ligstrale om te skyn?
Hoe bewys jy genade onverdiend aan jou medemens?
Is jy geneig om ander mense te oordeel, veroordeel en “te brand”?

God belowe dat Hy jou sal verkwik wanneer die lewe jou dalk onregverdig en druk behandel (vers 11).


Gun almal 'n plekkie in die son

‘n Plekkie in die son...

Wat beteken dit vir jou?  Hoe kan ons mekaar ‘n plekkie in die son gun?

Lees die volgende briewe wat mense geskryf het:

*Elkeen van ons smag na daardie "sonskyn"- plekkie in ons lewens. 'n Veilige plek waar ons liefde en omgee kan ervaar. Waar almal mekaar geluk, voorspoed en vrede gun. Geen skynheiligheid en valsheid. Geen hoogmoed en neersien op ander.  Geen onregverdigheid. Geen afguns en geskinder...*

*Mag ek vandag en al die môres wat ek nog gegun word, 'n sonstraal wees wat warmte, liefde, opregtheid en eerlikheid uitstraal. Al druk die ou lewe hard en swaar somtyds, wil ek nog steeds my klein liggie oor almal op my lewenspad laat skyn. Ek wil graag 'n drukkie gee, 'n skouer om op te leun, 'n vriendelike glimlag, 'n woordjie van bemoediging, warmte en liefde deel. Ek wil 'n voorbeeld en inspirasie wees vir die mense in my lewe. Ek wil mense se lewens aanraak met die liefde van Jesus.*

*Die dag wanneer my liggie vir ewig doof wil ek met die wete gaan rus dat ek 'n positiewe verskil in mense se lewens gemaak het. Ek wil onthou word as iemand wat my sonstrale in nederigheid met almal op my lewenspad gedeel het....*

*Kom ons gun mekaar liefde, geluk, voorspoed en vrede. Al gaan ons deur swaar en moeilike tye... en selfs ook in die goeie tye. Laat ons lewens- sonstrale met liefde en nederigheid vir mekaar helder skyn.. Die lewe is só kort... Ons wil nie eendag met verwyte langs 'n oop graf gaan staan nie. Ons elkeen verdien in ons leeftyd ons plekkie.*

***Ek dink volgelinge van Jesus is dit so belangrik om elkeen sy plekkie in die son te gun, om op te hou om mense te veroordeel en te oordeel op grond van hulle uitkyk op die lewe. Luister, meeste van die tyd ken ek en jy die persoon wat oorkant ons staan se storie van geen kant af nie. Elke outjie en elke vroutjie is sekerlik 'entitled to their own opinion', jy hoef nie eers saam te stem nie, moet nie met almal gaan verskil omdat jy 'n voëlkyker is en nie 'n bok kyker is nie.***

*Hoeveel mense sal 'n ander vertrap, verneuk of verdryf net omdat hulle nie wil hê daardie persoon moet gelukkig wees nie? Baie mense is self nie gelukkig nie en het nog nie hulle plekkie in die son gevind nie en sal dan alles moontlik doen om 'n ander persoon wat alreeds in die son staan te verdryf om in sy spasie te staan. Is dit dan nie ook so dat as jy nie gelukkig is met jou werk dat jy die mense om jou ook nie gelukkig wil sien nie. As jy nie 'n gelukkige lewe het nie dan wil jy ander om jou ook ongelukkig maak. Daar is soveel mense wat nie geluk kan vind nie omrede hulle so besig is om ander ongelukkig te maak, dat hulle nie tyd het om hulself gelukkig te maak of om geluk te gaan soek nie. Ek weet dit is in ons menslike natuur om so te wees, maar ek dink soms moet jy as persoon net bietjie gaan sit en kyk hoekom jy werklik nie gelukkig is nie. Soms moet jy net bietjie van negatiewe denke laat gaan en nie jou eie situasie gebruik om ander om te krap nie. Dit is so moeilik om in 'n persoon se geselskap te wees of saam so 'n persoon te werk wat net die heeldag lank kla en probeer negatief wees oor alles. Soms in so mate negatief dat die persoon die omstandighede vir almal ondraaglik maak. Ook soms laat so persoon se houding ander negatief benadeel. Ek dink soms moet ons net bietjie na onsself gaan kyk deur 'n ander persoon se oë. Gaan kyk en dink bietjie hoe sien ander jou. Moet nie net aan jou self dink nie en neem ander om jou in ag.*



Lees weer vers 14.  Ons rol is om Brugbouers te wees, paaie te herstel, in die gapings van onreg te staan en lig te gee!  Mag ons besef dat ons nie hier is om af te breek, stukkend te maak en die gaping al hoe groter te maak tussen die gelowiges en die ongelowiges, die rykes en armes, die belangrikes en die armoediges nie...

Lees 1 Petrus 4:10-11 as ‘n gebed.